Voorbeeld 5

Goedere vir kontant gekoop en teruggestuur

Die volgende inskrywings het in die finansiële rekords van Mamelodi Handelaars voorgekom.

A Koop goedere met 'n normale verkoopprys van R800 vir kontant vanaf Petrus Handelaars aan. Ontvang 10% handelskorting en 10% kontantkorting.

Verlang

Bepaal die bedrag wat as kontantaankope erken sal word?

Oplossing

Prys			=	800
Handelskorting	=	800 x 10%	=	(80)
Kredietaankoopprys			=	720
Kontantkorting		720 x 10%	=	(72)
Kontantaankoopprys				648

B Ontvang 'n kredietnota vanaf Mamelodi Handelaars vir goedere met 'n normale aankoopprys van R100 wat teruggestuur is.

Verlang

Bepaal die bedrag wat vanaf Mamelodi Handelaars ontvang sal word.

Oplossing

Prys			=	100
Handelskorting	=	100 x 10%	=	(10)
Kredietaankoopprys			=	90
Kontantkorting		90 x 10%	=	(9)
Kontantaankoopprys				81

Deurlopende voorraadstelsel

Mamelodi Handelaars
Algemene grootboek

(Bate)	**Voorraad**		
Bank	648	Bank	81

(Bate)	**Bank**		
Voorraad	81	Voorraad	648

Rekeningkundige vergelyking

Rekening gedebiteer	**Rekening gekrediteer**	**Brondokument**	**Hulpjoernaal**	**B**	**E**	**L**
Voorraad (Bate)	Bank (Bate)	Tjekteenblad	KBJ	+ 648 - 648		
Bank (Bate)	Voorraad (Bate)	Kwitansie	KOJ	+81 -81		

Wanneer goedere aangekoop word, word die voorraadrekening gedebiteer, want die voorraad vermeerder. Wanneer goedere teruggestuur word, word die voorraadrekening gekrediteer, want die voorraad verminder.